

Hoofstuk van die dag: 2 Kronieke 26

> *Maar toe hy eenmaal die mag het, het Ussia ingenome geword met homself, en dit was die begin van sy einde. (2 Kron 26:16)*

Arrogansie is ’n beroepsrisiko vir hulle wat in magsposisies

is. Mag en aansien kan ’n mens maklik verlei om te dink dat jy bo uitgekom het deur jou eie vernuf. En jy kan dan begin dink dat reëls net vir gewone mense geld; dat jy bo reëls verhewe is, of dat jy jou eie reëls maak, want jy is anders.
Dit was koning Ussia se ondergang. Hy was maar sestien toe hy koning geword het, en was ’n wonderlike koning omdat hy die raad van die priester Sagaria gevolg het (vers 1-5). Maar later, ná sy militêre suksesse, het hy sy hand oorspeel deur homself dinge aan te matig wat slegs vir priesters beskore was (vers 16). Die dringende waarskuwings van die priester Asarja het op dowe ore geval. Daarom het God hom met melaatsheid getref, wat sy einde beteken het.
Hoogmoed kom inderdaad voor die val (Spr 16:18; Jes 5:15) Daarom waarsku Paulus in Rom 12:3 dat ’n mens beskeie moet wees. Dit was ook ’n saak waaroor Jesus dikwels met sy dissipels gepraat het (bv Matt 18:1-3 en Matt 20:25-28).

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026